**<u>Die Berge Onthou</u>**

- **Zoe Fortuin**

In die Paarl, tussen die berge, langs die rivier,
staan my hart.
Die berge wat ‘n duisend jaar se stories kan vertel.
Van dié van die Khoekhoe af, tot dié van my ouma se dood.
Ek staan hier nou,
En ek voel dit, ek hoor dit.
Ek hoor hoe die berge sing – liedjies van triomf, liedjies van hartseer,
en dan, liedjies van hoop
Hoop dat eendag, hierdie land waar die berge oor my lyf kyk,
sal myne wees
En duur my, my voorvader s’n wees.

No longer will the Taal Monument (built on all its colonial lies) stand tall.
The mountains foretell the story of when it will be mine,
of when it will be ours.
Die land, die taal, ons taal…
Ons siele, op God se naam!

Die berge gee vir jou ‘n waarskuwing.
Die berge onthou.